PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXV VRYDAG 20 FEBRUARIE 1970 NR. 1

J. Heidema
KERKSTRAAT 48,
POTCHEFSTROOM
VOLLEDIGE DIENS IN
FIETSE, ONDERDELE
EN REPARASIES

## *Kursusprobleme*



Gedurende die oriënteringsprogram het die studente die geleentheid gehad om die dosente te ontmoet. Hier is 'n eerstejaar en haar ouers in druk gesprek met prof. J. D. Viljoen, (regs) dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe oor haar akademiese toekoms.

(Foto: Fotokuns).

# U.P. BEËINDIG GESKIL OOR „DIE WAPAD"

**DIE GESKIL tussen die studenteraad van U.P. en die P.U. vir C.H.O. aangaande sekere berigte wat in Die Wapad van 8 Augustus 1969 verskyn het, is net so skielik deur die U.P. afgesluit as wat dit deur die U.P. begin is.**

Die geskil het ontstaan nadat *Die Wapad*, amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. 'n berig en 'n hoofartikel geplaas het oor die A.S.B.-kongres wat gedurende Julie-vakansie van verlede jaar plaasgevind het.

Die studenteraad van die U.P. het daarop 'n verskoning aan mnr. Neels Botha, V.S.R.-voorsitter, mnr. H. Verloren van Themaat, die studenteraad van U.P., en studentegemeenskap van U.P. van *Die Wapad* geëis. Mnr. Neels Botha het ook apologie van *Die Wapad* geëis of so nie dat daar dan 'n klag teen hom by die kerklike owerheid gelê moet word. Indien dit nie gebeur nie, sou hy ook moontlik verdere stappe oorweeg.

Die studenteraad van die P.U. vir C.H.O. het in antwoord op hierdie eise dit van die begin af duidelik gestel dat hy hierdie saak so spoedig moontlik en in 'n goeie gesindheid wil oplos, veral omdat hierdie geskil die verhouding tussen twee universiteite as beide Afrikaanse universiteite en A.S.B.-lede ten nouste raak.

### BETREUR

Die P.U. vir C.H.O. het terselfdertyd die hoofartikel in die betrokke Wapad betreur, insoverre dit vertolk kan word al sou dit een universiteit sonder meer ten gunste van 'n ander afmaak, of die studentegemeenskap van daardie universiteit onregverdiglik raak.

*Wat die hoofberig egter betref was en is dit die standpunt van die P.U. vir C.H.O. dat dit feitlik korrek is.*

*Die P.U. vir C.H.O. het aan die hand gedoen dat 'n verdere debat oor hierdie saak gelaat moet word, aangesien 'n interpretasie van die hoofartikel geskied uit 'n verskil in uitgangspunt tussen U.P. en die P.U. vir C.H.O.*

### VERWERP

U.P. het op daardie stadium beide hierdie standpunte sonder enige motivering verwerp en het opnuut aangedring dat aan hulle eise voldoen moes word.

In antwoord hierop nooi die P.U. vir C.H.O. die U.P. uit vir samesprekings om die geskil op te los en herbevestig eweneens sy standpunt.

U.P. het hierdie standpunt verwerp op die volgende gronde:

(i) Die standpunt van die P.U. voldoen nie aan die *eise om 'n gewenste verskoning*, soos die U.P. vereis nie.

(ii) Die interpretasie van die hoofberig van die betrokke Wapad, geskied uit twee verskillende beginseluitgangspunte — 'n vergelyk sal dus nie bereik kan word nie.

(iii) U.P. aanvaar nie 'n uitnodiging tot samesprekings soos deur die P.U. vir C.H.O. aan hulle gerig in 'n poging om die saak op te los nie.

Die U.P. het ook hiermee die saak afgesluit omdat hy „. . . as die leidende en toonaangewende universiteit in die wese van sy grootsheid hom nie langer kan bemoei . . ." met hierdie saak nie, volgens die brief van mnr. Botha van U.P.

In 'n skrywe wat gister (Donderdag) aan U.P. gerig is, wys die studenteraad van P.U. vir C.H.O. daarop:

(i) dat hulle die gesindheid van U.P. wat geensins getuig van 'n ernstige gesindheid om die geskil op te los nie, betreur;

### WEERSPREEK

(ii) dat U.P. homself weerspreek deurdat hy die standpunt van P.U. vir C.H.O. insake die hoofartikel aanvaar, maar die geskil oor die hoofberig nie as oplosbaar beskou nie, omdat interpretasie daarvan uit verskillende uitgangspunte geskied — hierdie standpunt is *presies* dié van die P.U. vir C.H.O. soos vervat in 'n vorige skrywe wat U.P. sonder motivering verwerp het.

*Deur dus hiermee saam te stem asook die standpunt oor die hoofartikel te verwelkom, bestaan daar hoegenaamd geen grond vir U.P. se aandrang op 'n verskoning wat aan hulle eise voldoen nie. Ook hieruit blyk 'n gebrek aan ernstige voorneme om 'n geskil op te los;*

(iii) dat U.P. se weiering om die uitnodiging tot samesprekings te aanvaar, juis dui op die „gebrekkige samewerking" van U.P. waarvan hulle die P.U. vir C.H.O. beskuldig.

### POSITIEF

Ten slotte stel die studenteraad van die P.U. vir C.H.O. dit dat hulle houding ten opsigte skakeling met U.P. soos in die verlede positief bly, en hulle spreek die hoop uit dat U.P. in hierdie verband „in die teken van die wese van sy grootsheid sal handel".

Die studenteraad neem ook kennis van die feit dat U.P. verkies om die saak net so te laat nieteenstaande die verreikende konsekwensies wat met sodanige optrede bewerkstellig kan word.

# *EERSTEJAARMENINGS OOR ORIËNTERING*

**TYDENS 'N blits-meningsopname wat „Die Wapad" Maandag onderneem het, het eerstejaars die geleentheid gekry om hulle sê te sê i.v.m. die oriëntering. Terselfdertyd is sekere seniors gender vir hulle mening.**

„Ek suffer", was 'n eerstejaar se onomwonde mening, „maar dis 'n goeie ding, want dit laat jou gou 'n deel voel van wat hier op universiteit aan die gang is, maar dan moet dit op 'n regverdige manier gedoen word. Jou eie ouhere moet dit voltrek en nie ouens van ander koshuise nie".

Toe het die tonge los geraak en elkeen het sy mening gelug. Alles wat gesê is, is natuurlik nie geskik om in druk te verskyn nie. „Dis die beste manier om jou seniors te leer ken", het nog 'n groep bygevoeg. Dit was duidelik dat hulle baie ingenome met hul ouhere is. 'n Ander groep het weer die standpunt gehuldig dat die oriënteringsprogram besig is om 'n sterk groepgees onder die eerstejaars te bou.

**Een groep het selfs so ver gegaan deur te verklaar dat die eerstejaars tog die ruggraat van die koshuis vorm en as die gees by hulle skort, sal die koshuislewe maar saai en kleurloos wees. Dié klomp was ook baie geesdriftig oor die ontheffingsdinee wat nou voor die deur staan. Uiteraard 'n baie positiewe klomp — die eerstejaars!!**

„Daar is nou wel baie „sports" aan verbonde, maar die belangrikheid van die oriënteringsprogram is dat dit 'n klomp volslae vreemdelinge tot 'n eenheid saamsnoer" was die oorwoë mening van 'n paar seniors. „Volgende jaar moet hulle weer hierdie eenheidsgees aan 'n nuwe groep vreemdelinge oordra en hoe gaan hulle dit regkry as hulle dit nie self het nie".

Diegene wat dink dat die oriënteringsprogram sommer net deur die nukke van die seniors gerigsnoer word, het dit ver mis. Sommige van die koshuise het tradisies wat vanaf 1926 dateer en die geheimsinnig-klinkende Hof van Hades word ook nog getrou beoefen.

## Seniors by verwelkomingsdinee

Die jaarlikse verwelkomingsdinee vind môreaand in die Sentrale Eetsaal plaas. Die tema van hierdie jaar word streng geheim gehou.

Daar is vyftig eregaste uitgenooi onder wie die rektor, twee registrateurs en die studenteraad. Die rektor sal die woord voer by die geleentheid. Christo Piek tree op as seremoniemeester.

Benewens die eerstejaars, sal 'n beperkte aantal seniors ook die dinee kan bywoon.

Tweede- en derdejaarstudente word vriendelik gevra om met die voorbereidings Saterdagoggend te gaan help. Veral Saterdagmiddag sal dameshulp hoog waardeer word in die kombuis by Karlien.

## Daar he'jy dit



Die Universiteit kry 'n nuwe sportterrein, maar ons het mos eerder 'n sportsterrein nodig.

Hierdie dametjies het gaan kyk hoe vorder die bouwerk aan die twee nuwe manskoshuise wat voor Karlien en Heide opgerig word. In die gewone volgorde is mejj. Elise Kruger, Elsa Steenkamp, Christeen Naude, Louis Benade.

(Foto: Fotokuns)



BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
STUDENTE APTEEK

# TERUG OP PUKKAMPUS

**VROLIKE UITROEPE van gelukkige weersien weergalm oraloor die kampus. Die begin van nog 'n lieflike jaar hier ter plaatse. Ons begin nie net 'n nuwe jaar nie, maar ook 'n splinternuwe eeu en dekade aan die einde waarvan baie van ons dalk die mamma/pappa status sal bereik.**

Voor my verbeelding die loop neem, laat ons terugkeer tot die werklikheid — die werklikheid van dore en drake, wat dink die ouer inwoners is baie vermetel om hulle rus te kom verstoor. Ja ons werf is oorgeneem deur die nuwe vreemdelinge — ons hoop maar die ou mense laat hulle „tuis voel".

Benewens eerstejaars, moet ek sê wemel dit ook van ouhere wat met skelm listige oë al wat 'n rok onder die groenes dra beloer — sommige loer sommer oor die skouers van hul asters! ! Dit mos dié tyd van die jaar — Goldrush . . .

Voor ek verder gaan moet ek egter melding maak van party tweedejaars wat nie weet hoe om by hul nuwe rang aan te pas nie.

Laat ons aanstap, ons staan op die drumpel van baie lekker dinge: karnaval, toere, geesvang, intervarsity, serre en les bes toetse . . . maar natùùlik! Wat is nou lekkerder as om raak te spot? O ja, en dan is daar die veelbewoë vergaderings, wat hopelik hierdie jaar met 'n hoër bywoningsyfer as in die verlede sal kan spog.

Verder kan ek nie help om net so 'n vinnige vraende blik in die rigting van die grootkoppe tè gooi nie, betreffende die lankbeloofde oorgang of deurgang of ondergang by die spoor, die toetse, toetsweke, eksamens of wat ook al die eksperiment hierdie jaar genoem mag word. En so terloops, gaan ons mis-kien so 'n ou bloktydjie of wat hê die einde van die jaar?

Laat die Campus hierdie jaar lewe soos nog nooit tevore nie — dis mos soos dit moet wees met bykans 4,000 studente in die omtrek.

## Openingsplegtigheid in Vaaldriehoek

Die Openingsplegtigheid van die P.U. se tak in die Vaaldriehoek het Maandag 16 Februarie om 8 nm. in Vanderbijlpark plaasgevind en wel in die saal van die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys. Die volle akademiese prosessie was teenwoordig, terwyl prof. W. N. Coetzee, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die openingsrede gelewer het.

Verskeie burgemeesters en verteenwoordigers van Vereeniging, Vanderbijlpark, Meyerton en Sasolburg was teenwoordig.

# *DUBBELE SPRINGBOK IN S.R.- KANTOOR*

**DIE NUWE sekretaresse van die Studenteraad, mev. Elza de Wet se vriendelike bekwaamheid beïndruk dadelik die besoeker aan die S.R.-kantoor. Die Wapad se verteenwoordiger het 'n bietjie met haar gaan gesels om haar aan die studente voor te stel.**

Deur tot die kampus toe te tree, het sy eintlik meer gedoen as om net 'n sekretariële pos te vul. Sy het ook die Springbokgeledere van die Puk sommer dubbeld kom versterk, omdat die groen en goud al vir twee verskillende sportsoorte aan haar toegeken is. Op die gebied van ringtennis speel sy al ses jaar vir Suid-Afrika, maar dit is veral as korfbalspeelster dat sy bekendheid verwerf het.

In 1968, nadat sy vir die Vaalprovinsie en Suid-Transvaal gespeel het, was sy gekies om die Springbokstok in Holland te gaan swaai. Sy is egter haar Springbokskap ontneem, omdat sy nie by 'n dans, wat vir die span gereël was, opgedaag het nie. In 1969 het sy weer die A-span gehaal, maar geen buitelandse toere of besoekers is vir daardie jaar gereël nie. Met tafeltennis het sy dit ook al tot op provinsiale vlak gebring deur vir Wes-Transvaal gedurende die jare 1963 tot 1967 te speel.

Mev. De Wet beskik oor 'n aangename geselstrant en het te vertelle dat hoewel sy in Pretoria gebore is, Vereeniging die dorp van haar keuse bly, omdat sy daar groot geword het. Sy hou nogal van Potchefstroom, as 'n mens nie lol om die klimaat by te reken nie!

Sy is sommer direk uit matriek agter die tikmasjien waar sy op Meyerton privaat sekretaresse was. Tans doen sy egter veel meer as net sekretariële werk. Sy speel die rol van ontvangsdame en navraebeampte en dan moet sy ook die besprekings van konserte wat op die kampus plaasvind behartig. En hoe hou sy van haar huidige betrekking en werksomgewing?

„Fantasties", was haar geesdriftige antwoord. „Omdat my man ook nog 'n student is, ken ek die studentelewe en boonop is die S.R.-lede 'n gawe klomp om mee saam te werk". Haar man is nou besig met sy voorlaaste jaar vir sy graad in die aptekerswese.

Omdat sy ook eintlik 'n nuweling op die kampus is, het ek haar gevra wat sy van die ander nuwelinge se kanse dink om hierdie week of twee te oorleef. „Ek het natuurlik nog nie veel van die ontgroening gesien nie, maar dit wat ek wel gesien het, hou ek meer van as wat op Tukkies aan die gang is. Ek weet natuurlik nie wat in die koshuise gebeur nie", was haar versigtige antwoord.

## NUWE EMPIRIKUS



PROF. J. J. DE WET

Die pas aangestelde professor in Empiriese Opvoedkunde is prof. J. J. de Wet, voorheen van die Universiteitskollege van Fort Hare. Prof. De Wet vul die plek van prof. S. J. Preller, wat nou hoof van die dept. Tersiêre opvoedkunde is.

Prof. De Wet is 'n oud-student van die P.U. en voormalige S.R.-lid. Hy was vir twee jaar lank kaptein van die eerste rugbyspan en het ook verskeie kere vir Wes-Transvaal gespeel.

Prof. De Wet het verskeie jare in die onderwys gestaan. Verskeie artikels het al van hom plaaslike en in die buiteland verskyn. Hy het in Utrecht, Nederland verder gestudeer.


# 20th Century

Matinees Mon., Wed., Fri., and Sat. at 2.15 p.m.
Nightly at 8 p.m.

FRI 20th and SAT. 21st
**HEAVEN WITH A GUN**
* GLENN FORD
* CAROLYN JONES

MON. 23rd and TUES. 24th
**COUNTERFEIT KILLER**
* JACK LORD
* SHIRLEY KNIGHT

WED. 25th to SAT. 28th
**CUSTER OF THE WEST**
* ROBERT SHAW
* MARY URE

SAT. MORNING 28th
**THE FLAMING FRANTIER**

# Potch Inry

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

VRYDAG, 20 FEB., om 6.45 nm.
SATERDAG, 21 FEB., om 6.45 nm.
Hy is 'n Wapen-Regeringsaak
Hy Onderdruk 'n Opdrag — Onmiddellik — Stilletjies.
Sy swakte — 'n skoonheid!
* RICHARD JOHNSON
* CAROL LYNLEY
In die grootste Spannende Spioenasie Riller!

**DANGER ROUTE**
De Luxe Kleur.

VRYDAG, 20 FEB., om 9.00 nm.
SATERDAG, 21 FEB., om 9.00 nm.
* MICHAEL CAINE
* GLOVANNA RALLI
* ERIC PORTMAN
* NANETTE NEWMAN
In die Dramatiese Avontuur Verhaal!
Spannende Aksievol—Romanties!

**DEADFALL**
Kleur.
(Niemand 4—16).

MAANDAG, 23 FEB., om 7.00 nm.
DINSDAG, 24 FEB., om 7.00 nm.
VRYDAG, 27 FEB., om 6.45 nm.
SATERDAG, 28 FEB., om 6.45 nm.
* LEE MARVIN
(Die Toekenningswenner van „The Dirty Dozen" en „Ship of Fools")
In die Dramatiese Koreaanse Oorlogsverhaal!

**SERGEANT RYKER**
Kleur
Mede Sterre
* BRADFORD DILLMAN
* VERA MILES
* LLOYD NOLAN

WOENSDAG, 25 FEB., om 7.00 nm.
DONDERDAG, 26 FEB., om 7.00 nm.
VRYDAG, 27 FEB., om 9.00 nm.
SATERDAG, 28 FEB., om 9.00 nm.
* GIULIANO GEMMA
(Montgomery Wood)
In die Aksievolle Riller „Western" wat u sal Betower!

**WANTED**
Scope en Kleur
'n Galaxy Vrystelling
(Niemand 4—12).



KOLLEGE DIENSSENTRUM

**Studente ! !**

Julle ken almal
Oom Chris Coetzee



# Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

FRIDAY, 20 FEB., at 6.45 p.m.
FRIDAY, 20 FEB., at 9.00 p.m.
SATURDAY, 21 FEB., at 6.45 p.m.
SATURDAY, 21 FEB., at 9.00 p.m.
NOTE: Both Sessions.
6.45 p.m. and 9 p.m.
The Popular Raidio Serial that held thousands spelbound, now a great success on the Wide-Screen presentation of Cavalier Films' excellent drama!

**GEHEIM VAN NANTES**
Starring
* PIETER HAUPTFLEISCH
as „ARMAND"
* LEONIE ROSS
as „SONJA"
* FRANCOIS DE BRUIN
as „OOM GIEPIE"
* RAEDAWN SEVENS
as „SANDRA"
Released by Ster Films.
This is a special. Don't miss it!

MONDAY, 23 FEB. at 7.00 p.m.
TUESDAY, 24 FEB. at 7.00 p.m.
FRIDAY, 27 FEB., at 6.45 p.m.
SATURDAY, 28 FEB., at 6.45 p.m.
* BOB HOPE
* PHYLLIS DILLER
* GINA LOLLOBRIGIDA
* JEFFERY HUNTER
A Fabulous Team that will hold you in fits or laughter!
In the Wild Hilarious Comedy!

**THE PRIVATE NAVY OF SERGEANT O'FARRELL**
Techniscope, Technicolor
A United Artists Release.

WEDNESDAY, 25 FEB. at 7.00 p.m.
THURSDAY, 26 FEB., at 7.00 p.m.
FRIDAY, 27 FEB., at 9.00 p.m.
SATURDAY, 28 FEB., at 9.00 p.m.
* CHRISTOPHER GEORGE
* GARY RAYMOND
* CLAUDINE LOUGET
In the Exciting War Drama!

**MASSACRE HARBOR**
Color de Luxe
(No Persons 4—12)
Released by United Artists.



# PARADISE RESTAURANT

- **Dié kafee op die Bult met lugverkoeling**
- **dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,**
- **EN SNOEKER SPEEL!**

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

**Tomstraat 86 Tel. 5474**



# *CACHET APTEEK*

**DIE STUDENTE-APTEEK**

**AGENTE VIR:**

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPREPARATE
TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

**Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens**

**FOON 4201. TOMSTRAAT 92.**

*Groot genoeg om u te bedien —*
*Klein genoeg om u te ken.*

# Vier Gradeplegtighede op P.U. gedurende Eeufeesjaar

**DIE P.U. VIR C.H.O. het verlede jaar vier gradeplegtighede aangebied, nl. op 28 Maart, 29 Maart, 4 Oktober en 10 Desember. Voorwaar 'n sonderlinge prestasie.**



**Prof. B. Duvenage wat sy tweede doktorsgraad verlede jaar verwerf het, ondanks al sy menigvuldige pligte as sekretaris van die Eeufeeskommissie.**

Die gradeplegtigheid wat gedurende die Desember-vakansie gehou is, is deur ongeveer 4000 belangstellendes bygewoon. Die Kanselier, Senator Jan de Klerk, het by die geleentheid 427 eerste grade, 80 nagraadse grade, 54 voorgraadse diplomas en 46 nagraadse diplomas toegeken en uitgereik. Die nagraadse eksamens wat in Januarie afgeneem is, se grade sal op die volgende plegtigheid, te wete op 16 Mei, toegeken word, asook die studente wat aan die begin van die jaar in hulle aanvullingseksamen geslaag het.

Prof. Benonie Duvenage, verbonde aan die departement Interfakultere Wysbegeerte, het sy tweede doktorsgraad — D.Phil. in Wysbegeerte — ontvang. Hy het reeds die TH.D.-graad.

Twee N.G.-predikante, di. P. J. Jordaan en P. J. Meiring het ook aan die P.U. gedoktoreer en hulle grade D.Phil. in die sosiologie en sielkunde onderskeidelik ontvang. Dr. P. J. Schutte, verbonde aan die departement Biblioteekkunde, het gepromoveer met 'n proefskrif getitel „Sendingdrukperse in Suid-Afrika, 1800—1875". Die werk word beskou as 'n belangrike bydrae tot die literatuur oor die geskiedenis van die sendingdrukperse in ons land.

In totaal het die universiteit verlede jaar 824 eerste grade, 351 nagraadse grade (waaronder 31 doktorsgrade), 100 voorgraadse diplomas, 12 sertifikate en 7 ere-doktorsgrade uitgereik.




# STUDENTERAADVOORSITTER AAN DIE WOORD

Aan alle Puk-studente, nuut of ervare, jonk of oud, 'n hartlike welkom. Saam staan ons almal aan die begin van 'n nuwe jaar — 'n nuwe dekade. Ons gaan hierdie komende jaar saam tegemoet, gebind deur die gemeenskaplike band van Puk-wees. En daarom het elkeen van ons vanjaar opnuut die verpligting teenoor ons Alma Mater om elkeen sy/haar deel te lewer tot die opbou en uitbou van ons Universiteit. Dit, glo ek, is die voorneme van elke student, individueel of in groepsverband.

Hierdie rubriek sal, soos in die verlede, gebruik word om u as studente in te lig aangaande sake wat deur die Studenteraad behandel word en waarvan u kennis behoort te dra omdat dit u ten nouste raak. Die Studenteraad, as belangebehartigende liggaam, het trouens ook dié verpligting teenoor u. Verder sal daar van tyd tot tyd ook sake aangesny word wat nie noodwendig van die studenteraadstafel afkomstig is nie, maar wat tog omrede die gemeenskaplike belang wat ons almal daarby het (en by gebrek aan voldoende geleentheid om dit in u midde te lê) die aandag van die studente verdien.

Ten slotte, die Studenteraad het reeds begin om die wiele, wat gedurende die vakansie teen 'n slakkepas beweeg het, weer aan die rol te kry. Onder andere gaan daar gepoog word om die massavergadering weer sy regmatige plek in die studentelewe te besorg, om dit te herstel as plek waar studentesake wat ons as studente raak kan bespreek. U ondersteuning in hierdie poging sal waardeer word.

Aan alle Pukke: 'n aangename en voorspoedige jaar. Ons as P.U.-studente aanvaar die uitdaginge wat ook hierdie jaar aan ons bied.

# *EEN - TWEE - DRIE - HUP!*



**Eerstejaarmans besig om stamina-oefeninge te doen. Dit was verlede week elke middag die lot van dore sowel as drake. Die resultate is gesien op die eerstejaarsatletiekbyeenkoms verlede Saterdagmiddag. (Foto: Fotokuns).**

## AFSPRAKE

23 Feb. — Thalia keuring
24 Feb. — Thalia keuring
25 Feb. — P.N.B. Programvergadering
Byeenkoms Sentrum vir Internasionale Politiek.
27 Feb. — Filmvertoning A.O.B. Dagstudente braaivleis.

# P.U. AANGEVAL OOR KONFEDERASIEHOUDING

**IN 'N HOOFARTIKEL van „Die Perdeby", amptelike studenteblad van U.P. word die P.U. vir C.H.O. aangeval oor sy houding oor die konfederasiegedagte van die Suid-Afrikaanse Universiteite.**

„P.U. vir C.H.O. se volstruistaktiek in hierdie verwikkelinge is betreurenswaardig. Die saak van die A.S.B.-gesinde Afrikaanse universiteite word beslis nie bevorder deur Potchefstroom se negatiewe houding nie. Veel eerder behoort die behoudende P.U. vir C.H.O. tot die konfederasiestryd toe te tree. Vanjaar is daar nie tyd vir neutralisme nie — die Afrikaanse universiteite moet 'n verenigde front teen Nusas kan bied", skryf die blad.

„Die Wapad", het mnr. Johan Kruger, S.R.-voorsitter van die P.U. vir C.H.O. genader om sy mening hieroor te gee.

Mnr. Kruger het gesê dat hy wel 'n uitnodiging ontvang het na die byeenkoms, maar dat hy tydens die samesprekings op 'n bootreistoekenning was. Hy het gesê dat hy ook die struikelblokke, wat die persone wat die byeenkoms bygewoon het, teëgekom het, reeds vanaf die begin voorsien het.

Mnr. Kruger het bygevoeg: „Die Studenteraad wag op nuwe inligting voordat hy hom oor die hele kwessie uitspreek. Hierdie gedagte van 'n konfederasie is in die studente-politiek geensins 'n nuweling nie, maar die praktiese situasie kan van tyd tot tyd verander sodat 'n onmiddellike uitspraak sonder werklike feite nie die regte weg sou wees nie. Sou so 'n standpunt nie eerder realisties as volstruispolitiek genoem kon word nie?"

Gedurende die byeenkoms het die persone in hulle samesprekings voor 2 aspekte gestuuit. Hulle kon nie hulle studenterade se standpunte stel nie, aangesien hulle in persoonlike hoedanigheid daar was; en hulle kon nie ooreenkom oor die posisie van nie-blanke universiteite in die konfederasie nie.

Hierdie voorgestelde konfederasie sou alleen op prakties georganiseerde vlak beweeg maar met 'n aanhangsel wat 'n „klein parlement" genoem kan word. Dit was egter alles losse gedagtes wat om die konfederasie gesentreer het.

Die konfederasie-gedagte het voortgespruit uit gedagtes wat geopper is deur mnre. Hertzog en Mervin, respektiewelik voorsitter en onder-voorsitter van die Universiteit van Stellenbosch.

SOMER- EN WINTERMATERIALE

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

die WAPAD

VRYDAG 20 FEBRUARIE 1970

# Belangeloosheid

Die huidige gesonde belangstelling by die Puk-studente in die aksies op die kampus is voorwaar verblydend. Dis nie altyd so dat die Totius-gedenksaal oorlopenstoe vol is met aksies van die georganiseerde studentelewe wat daar plaasvind nie. Die verloop van sake in die verlede laat egter die vermoede ontstaan dat die geesdrif sal taan namate die koms van die eerstejaars verdring word deur akademiese verpligtinge en 'n tipiese belangeloosheid wat eie is aan die Puk-student.

Dit is dus die aangewese tyd om die hoofliggame wat die organisatoriese struktuur van ons studente-samelewing daarstel te maan om alles in die stryd te werp om die belangstelling van die studente lewendig te hou.

So was resultate wat in die verlede bereik is met karnavalle en intervarsities skouspelagtig, maar nie onoortreflik nie. Die opkoms na vrugte- en lentefeeste was egter beroerd. Reaksie op die vergadering van P. N. B., Korps Veritas Vincet en Virus neig om te wissel tussen die twee pole van verrassend en teleurstellend.

Hieruit kan die volgende logiese gevolgtrekking gemaak word. Die hoofliggame kan die studente in hulle aksies betrek met oorspronklike idees en goeie sprekers wat soms ook die teenoorgestelde standpunt vertolk as waaraan ons al so gewoond geraak het.

Tog bly die studentemassa die enkele faktor wat die sukses al dan nie van die georganiseerde studentelewe op die kampus bepaal. Die georganiseerde studentelewe het in die verlede al gevaarlike laagtepunte bereik. Die klein persentasie studente wat verlede jaar stemreg vir die verskillende hoofliggame gehad het getuig hiervan. Daarby het 'n groot deel van die stemgeregtigde studente nie eens die moeite gedoen om hulle stem uit te bring nie.

Hoe ironies is dit nie dat hoe groter die studentegetalle word, des te betreurenswaardiger word die toestand. Dit wil soms voorkom asof baie studente werklik nie eers probeer uitvind wat op hulle kampus aangaan nie, of wat aan hulle gebied word nie.

Hierdie toestand kan verbeter. 'n Besielde Studenteraad, ywerige hoofliggame tesame met 'n massa wat tekens toon dat hulle meer belang stel in die georganiseerde studentelewe as in die verlede, kan die studentebedrywighede laat bloei aan ons universiteit.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Dawie Swanepoel — tel. 6600
Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119
Politieke redakteur: Leon du Plessis — tel. 6030
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sportredakteur: Pieter Oosthuizen — tel.
Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen — tel.
Sirkulasiebestuurders::
Piet Strydom — tel. 2019
Piet Hattingh — tel. 2019
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Marieta Pelzer; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; Dries Burger; William du Toit.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Henriëtte Murphy; Nina Venter; Katriëntjie van Rensburg.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Barbera de Klerk; Elize Pienaar.
SPORT VERSLAGGEWERS:
Bester Swart; Ben van der Walt; Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# Studente het byna geen tyd vir studie - dosent

**„HOEVEEL universiteite het hulle al probeer rekenskap gee van die gemiddelde studietyd wat 'n student beskikbaar het, en die dosente se doseerlas wat daarmee saamgaan?" Dis die aktuele vraag wat dr. P. G. W. du Plessis van die R.A.U. onlangs in 'n koerant gestel het.**

Dr. Du Plessis meen dat by nadere ondersoek, daar gevind sal word dat oordosering 'n sterk neiging is by alle universiteite in ons land, en dan ook meer spesifiek by ons Afrikaanse universiteite.

Die stelling staaf hy deur 'n illustrasie: Indien 'n student beskikbaar is van 8 vm. tot 11 nm. (totaal: 15 uur), moet daar nog tyd afgetrek word vir etes, sê maar 2 uur per dag, en vir ontspanning: 2 uur. Dit beteken dat 11 uur per dag oor is vir die kontak tussen dosent en die student en vir selfstudie.

Van hierdie 55 uur per week, trek hy 3 uur per week af vir verenigingslewe en sosiale-aktiwiteite. Dit laat 'n totaal van 52 uur per week beskikbaar vir studie en lesings en moontlike **praktika. 'n Student** het dus ongeveer 10 tot 13 uur per week per vak beskikbaar vir lesings, praktika en studie. Die beskikbare tyd word nou nog deur die universiteit verdeel tussen kontakure (dit wil sê lesings, praktika, besprekings), huiswerk en sielfstudie. Nou word die vraag gestel: hoeveel studietyd bly oor indien ons byvoorbeeld by die B.A. vir vyf vakke vier periodes van 40 minute elk per vak per week gaan doseer?

Dr. Du Plessis wat 'n ondersoek op hierdie gebied bepleit, illustreer die belangrikheid daarvan deur dieselfde aanhaling te gebruik wat t.o.v. 'n ander land gesê is: „... that too many of our students are overlectured, and that the hours spent in constructing too many sets of lectures, could be more profitable spent in small groups, in the rewarding process of teaching our students to think, by criticising what they have written, or analysing their contributions to discussion".

## AANKONDIGING

*Die Wapad-redaksie betaal voortaan R1.00 per uitgawe vir die beste en oorspronklikste brief na hulle mening.*

## Onderwysers leer ook

Op Saterdag 7 Februarie het die laaste besoek van 30 hoërskoolonderwysers aan die P.U. plaasgevind. Hierdie groep onderwysers het drie weke lank Saterdae 'n kursus in laboratoriumtegnieke in Biologiese vakke bygewoon.

Die eerste Saterdag is gewy aan Plantkunde, die tweede aan Dierkunde en die derde aan Fisika.

Hierdie tegnieke is ook in brosjurevorm uitgegee en word versprei oral waar die Departement Ontwikkeling amptelike takke het.

„Onderwysers ontvang hierdie diens waarin kennis en tegnieke vernuut word met groot dankbaarheid", het mnr. Karools Reynecke van die Departement Ontwikkeling aan Die Wapad gesê.

# Uit die Woord

## DIE SLAGGEREEDHEID VAN DIE WARE GELOWIGE

*1 Kor. 16 : 8 en 9: „Maar ek sal in Efese bly tot Pinkster toe. Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teenstanders".*

*Die ware Christen, wat sy Christenskap ook konsekwent wil uitleef, kry daagliks te doen met teenstand. Teenstand teen sy Christelike opvatting, teen die kerk van Christus, teen sy Christelike lewenswyse, eintlik teenstand teen die Koning van die kerk, Christus self.*

*In hierdie verse uit die Korinthiërbrief sien ons wat die ware Christen se houding moet wees teenoor die teenstand waarmee hy te doen kry. Die Apostel Paulus besluit om in Efese, 'n sondige, heidense, kosmopolitiese wêreldstad te bly en die Evangelie te verkondig. Want hy sien juis die groot menigtes en die samedromming van soveel mense bymekaar as 'n groot geleentheid wat God hom gee om die Evangelie te verkondig.*

*Verder is Paulus bewus van baie teenstand in Efese. Maar juis dit laat hom ook besluit om langer daar te bly. Hy vlug nie vir die teenstand nie. Nee, hy is slaggereed daarvoor, en hy durf hulle aan in die geloof. Hy weet dat die Evangelieverkondiging in al sy krag en sondeveroordeling in hierdie wêreld nie sonder teenstand kan geskied nie. Inteendeel, die verset is juis die teken dat die Evangelie kragtig werk. Dit is die roeping van die kerk om deur die Evangelieverkondiging juis die teenstand op te roep. Hoe kragtiger die Evangelie van Christus uitgedra word, hoe kragtiger word ook die verset daarteen.*

*Ons moet nie ontstel raak deur die teenstand wat ons daagliks ervaar teen ons Christelike lewensopvatting en lewenswyse nie, of deur die teenstand teen die Christelike karakter van ons Alma Mater nie. Inteendeel, ons moet juis bekommerd raak wanneer hierdie teenstand afneem — bekommerd oor ons eie uitlewing en belydenis van die beginsels waarop ons staan. Want hoe kan die konsekwente uitlewing van die ewige beginsels van die Woord van God 'n ander reaksie teweegbring as teenkanting en verset van die kant van die sondige wêreld wat van God en sy Woord niks wil weet nie?*

*Maar dan moet ons in Christus verankerd wees — soos Paulus. Alleen hulle wat in Hom hulle dryfkrag vind, sal, namate die einde nader en die teenstand en die sonde toeneem, steeds sterker kan staan in die geloof in diens van Christus — ook aan 'n Christelike universiteit.* C.F.C.

# Uit die POSSAK

## EREDIENSTE SWAK BYGEWOON

Geagte Redakteur,

Het dit nie dalk al tyd geword dat daar van die S.R. en huiskomitees se kant af opgetree moet word om die studente te aktiveer om meer en gereelder die onderskeie eredienste in die verskillende kerke by te woon nie?

Dit is 'n algemene gesig om die studente Sondagoggend vir die dag na 'n plesieroord te sien ry, of om slepers (met 'n kombers onder die arm) te sien koers kry na die dam, hier teen seweuur op 'n Sondagaand. Dit is ook algemene praktyk om te slaap tot bykans twaalfuur, en dan dronk geslaap uit te slinger vir middagete. Tydens die eredienste is daar so 'n rumoer en onrustigheid in die koshuise, dat mens nouliks weet of die kerk begin of uitkom. Selfs in die vier jaar wat ek nou op die P.U. is, kon mens duidelik agterkom hoe die swak kerkbywoning toeneem. Frases soos: „Ek skryf môre 'n toets en sal nie vanaand kerk bybring nie", of „Ek is moeg na gisteraand en sal maar vanáánd kerk toe gaan", word algemeen gebruik.

As dit so gaan in die dameskoshuise, wat dan van die manskoshuise? Ek is geen godsdiensfanatikus of dweper wat met 'n altyd-Bybel-onder-die-arm-bekeer-jullehouding rondloop nie, maar dit is net iets wat vir my ontstellend toegeneem het.

Vir die groot getalle studente wat redeneer dat kerkbesoek slegs 'n gewoonte is, wil ek tog noem dat dit darem '*n goeie* gewoonte is.

Ook 'n student.

# Prof. Cloete is weer tuis

**„EK VOEL TUIS HIER, want dis my mense", het prof. T. T. Cloete, oudstudent en ouddosent van die P.U. in 'n onderhoud met „Die Wapad" gesê. Prof. Cloete wat dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Port Elizabethse Universiteit was, en ook as waarnemende rektor opgetree het in sy dienstydperk aldaar, is terug in dieselfde pos wat hy beklee het toe hy die P.U. destyds in 1964 verlaat het.**

Prof. Cloete het aan die P.U. gestudeer van 1945 tot 1949, waarna hy na Nederland vertrek het vir verdere studie. In 1953 met sy terugkeer is Prof. Cloete benoem as lektor in die dept. Afrikaans-Nederlands, en verkry hy sy senior lektoraat in 1960. In 1962 aanvaar hy 'n professoraat, en vertrek toe na die Universiteit van P.E.

Prof. Cloete het gesê dat daar geensins sprake is van aanpassing nie, en dat hy en sy gesin onmiddellik tuis gevoel het. Die kampus het wel in baie opsigte verander, en hier is duidelike tekens van dinamiese groei en ontwikkeling. Die studente het nuwe gesigte, maar dis almal dieselfde tipe van vyf, ses jaar gelede. In die geheel is alles nog net soos hy dit verwag het en wou gehad het, het Prof. Cloete gesê. Daar is selfs net twee of drie nuwe gesigte in die fakulteitsraad, en almal sit nog altyd op dieselfde plekke!

Prof. Cloete het bevestig dat hy in die jare wat hy aan die Universiteit van P.E. verbonde was, drie aanbiedinge van ander universiteite gehad het, maar gewag het vir die geleentheid om terug te kom Puk toe.



Prof. T. T. Cloete wat na vyf jaar weer terug is in sy ou werkkring.

„Die grootste gemis op die Port Elizabethse Universiteit was die tradisie van die P.U. in alle opsigte, want dit is iets wat diep in 'n man se hart gaan sit. In werklikheid het ek my nooit van die P.U. gedistansieer of die bande losgemaak nie. Veral nadat mens vir enkele jare met 'n verskeidenheid van nasionaliteite gewerk het, en dan veral Jode en Engelse, is dit weer lekker om tussen jou eie mense te wees en te werk", het prof. Cloete ook gesê.

Prof. Cloete is self 'n oudstudent van prof. Hertzog Venter, en was in die studentedae 'n tydgenoot van prof. P. D. van der Walt, mnr. L. Dekker, en dr. L. C. Minnaar.

Prof. Cloete is sopas benoem as een van die lede in die pasgestigte Kommissie vir Woordkuns wat onder die departement Kultuursake resorteer.

# BEETHOVEN IN 6 MEESTER-KONSERTE

**OMDAT musiekuitvoerings dwarsoor die land vanjaar gewy word aan musiek van Beethoven, kyk ons 'n bietjie wat lewer Potchefstroom in dié opsig. Collegium Musicum bied vanjaar 6 konserte aan. Beethoven-liefhebbers kan gerus sorg dat hulle die aanbiedinge bywoon, want al ses konserte bevat musiek van Beethoven.**

Wat die Meesterskonserte aanbetref: die program vir vanjaar lyk baie interessant. Die eerste konsert is in Maart. Dis 'n klavieruitvoering deur die pianis Solomon. Enkele hoogtepunte van konserte later in die jaar is 'n uitvoering deur Joyce Barker, Lemmer en prof. de Villiers, die Johann Strauss Ensemble uit Wenen en 'n Franse Dogterskoor.

Die Potchefstroomse Volksteater hervat ook hierdie week sy werksaamhede wanneer die Potch Simfonie-orkes, die Volksteaterkoor en die G.T.S. Eiselenleeskring weer bymekaarkom. Die oefenprogram van die veelsydige organisasie is 'n aanduiding van die lewenskragtigheid daarvan. Benewens die oefenprogram wat deur die jaar gehou word, bied Volksteater ook jaarlikse konserte aan van die verskeie rade vir Uitvoerende Kunste.

Die vereniging bestaan uit drie afdelings en enigeen wat daarin belangstel om aan te sluit is welkom. Navrae kan gedoen word oor die Volksteaterkoor en die Simfonieorkes by telefoon 6217 en die leeskring by 4743.

# EERSTEJAARS LAAT KAMPUS LEWE

**„DIE KAMPUS is nie meer dood nie", het 'n selfvoldane ouheer Saterdag opgemerk toe troppe drake op hul rietperde en hordes dore in bont kreukelpapierrokke op suksesvolle wyse daarin geslaag het om die kampus in 'n perderesiesbaan om te skep.**

Daar heers 'n gees van onbevangenheid en oorspronklikheid onder die eerstejaars, en Saterdag se Ascott het dit goed bewys. Wie het dit nie geniet toe die paar honderd draakperde op 'n galop om die kampus afsit nie?

Hierdie poging wat vanuit die koshuise gespruit het, het die dore lang ure van hoedmakery en rokbeplanning gekos. Daarom ook dan dat die kampus Saterdagoggend so veelkleurig gelyk het, en laat daardie aand het hier en daar nog rosies en valletjies van papier rondgelê totdat die reën hulle kom bederf het.

Ook die betogers het nie uitgebly nie, en die spul uitgelate drake wat hierdie groepie uitgemaak het, het al bottelswaaiende en protesterende hul bes gedoen om perde „uit" te kry en merries „in".

Skaam dore het onder hul slaprandhoed uit gesê dat hulle hierdie eerste smakie van die studentegees terdeë geniet. Ander weer het groot verleentheid deurgemaak toe hulle deur op-en-wakker ouhere „opgeveil" is. Hierdie ouhere kon blykbaar nie wag vir die massa-uitkenningsparades wat hierdie week gehou is nie.

## Dorp-ouhere laat nie op hulle wag

Die dagstudente het hierdie jaar weer eens 'n aktiewe oriënteringsprogram gehad. Eerstejaars moes elke aand in die Totiussaal aanmeld.

Volgens mnr. Tinus Jacobsz, voorsitter van die dagstudentebestuur, is dieselfde prosedure as in die koshuise gevolg. Bedags neem die dagstudente-eerstejaars egter deel aan die gewone oriënteringsprogram.

Die hoogtepunt van die dagstudente se oriënterings aktiwiteite is die braaivleis langs die Vaalrivier wat aanstaande Vrydagaand sal plaasvind. By hierdie geleentheid sal die dagstudente kans hê om mekaar op informele voet te leer ken. Die betrokkenes word versoek om die kennisgewingbord dop te hou vir verdere kennisgewing.

## Eie kuns onder kalklig

Mens is soms geneig om ons eie kuns as minderwaardig te beskou en die aandag op oorsese kunstenaars toe te spits. Daarom dat baie Suid-Afrikaners onbekend bly buite kunskringe terwyl hulle werk van uitstaande gehalte is. Hierdie stelling kan bewys word deur die kunstenaars se werk wat vanjaar hier plaaslik uitgestal sal word.

Vroeg in Maart word 'n uitstalling van Ferri Binge-Coetzee verwag. Sy en haar eggenoot, die wêreldberoemde Christo Coetzee, is woonagtig in Spanje. Hy het veral opspraak in Parys verwek met sy Neo-Barok tegniek. Die kunstenares sal self die tentoonstelling, wat spesiaal vir Potchefstroom gereël is, bywoon.

'n Verdere belangrike tentoonstelling is die Vyfjaarlikse Suid-Afrikaanse reisende uitstalling. Die beste Suid-Afrikaanse kunstenaars word hierin verteenwoordig en hieruit word weer die bestes gekies om na die Bienale tentoonstelling in Venesië te gaan. Hierdie is 'n tentoonstelling wat gereël word om die wêreld se beste kunstenaars te verteenwoordig.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
GEBAK DEUR
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

FLAMINGO PADKAFEE
VRIENDELIKE MENSE
FLINKE DIENS

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING
Nou OOK
'n wye keuse vir
★ PLATE
by
PRO REGE - PERS BEPERK
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.

na aksie -
satisfaksie


vol - ja smaakvol



**SPORTVELDE**

Werk aan die Oude Molensportterrein is op die oomblik in volle gang. Op die foto kan gesien word hoe die krieket- en sokkerveld lyk nadat daar met opvullings op die terrein begin is. (Foto: Fotokuns).

**MANSKOSHUISE**

Uitgrawings het ook reeds begin vir die twee nuwe manskoshuise wat voor Karlien en Heide opgerig word. (Foto: Fotokuns).



# OUDEMOLENSPORTTERREIN IN JULIE AL VOLTOOI

**OMVATTENDE uitbreidings is besig om 'n aanvang te neem op die Pukgronde. Binne die volgende drie jaar behoort drie van die nuwe aantal geboue-eenhede voltooi te wees. Die werk by die Oude Molenterrein skyn die naaste aan voltooiing te wees. Mnr. D. Kleingeld, voorman van die konstruksiemaatskappy, sê dat hulle die werk teen die vasgestelde tyd, nl. 10 Julie afgehandel behoort te hê.**

Bo-oor die opvullings wat by die Oude Molen gemaak word, en wat wissel tussen twee en sewe voet, kom 'n lagie bogrond van agt duim diep, sodat gras geplant kan word.

Swak dreinering in die gebied vertraag die werk. Die dreineringsvermoë word egter verhoog deur die insit van pype. Hierbenewens word ook 'n besproeiing- en stormwaterstelsel opgerig.

By voltooiing sal die terrein, waar soveel as moontlik bome behou is, 24 morg groot wees. Die kontrak beloop sowat R341,000.

By die standplaas van die nuwe Aardrykskundegebou oorkant Kulu word ook goed vordering gemaak. Die werk is die vyfde Januarie begin.


Luidens mnr. J. J. de Meyer, algemene voorman, behoort die gebou teen die helfte van 1971 voltooi wees. Anders as in die geval van die Oude Molen word hier terugvullings en nie opvullings gemaak nie. Die gebou sal die departemente van Aardrykskunde, Geologie, Beplanning en Bodemkunde huisves.

Daar is 'n ernstige versoek dat die studente nie naby die boubedrywighede verby moet loop nie. Die werkers word deur staalhelms beskerm teen moontlike ongelukke —studente wat nie ag gee op die oproep nie, doen dit op hulle eie risiko.

Ook met die twee nuwe manskoshuise oorkant Karlien is 'n aanvang gemaak. Volgens mnr. D. Botha, 'n werknemer onder kontrak, lewer die grondformasie heelwat probleme. Rotse wat nòg verwyder kan word, nòg deur dinamiet weggeskiet kan word, is veral een van die struikelblokke. Verder is die grond baie beweegbaar — dit veroorsaak barste in die geboue. Daarom word uitgrawings gedoen, wat weer opgevul word, voordat die bou- en konstruksiewerke kan begin.

Al die werknemers is dit eens dat die vietse nooiens van die Puk die werksomstandighede baie veraangenaam... „Sommer oulike boeredogters hierdie van julle!"

## *So sal Oude-Molen lyk*




**Die Oude Molensportterrein soos dit ná die Julievakansie sal lyk wanneer dit ingebruik geneem word. Daar sal 8 netbalbane, 23 tennisbane, een rolbalbaan, een sokkerveld, die bestaande swembad, 4 hokkiebane, 4 krieketvelde, 8 rugbyvelde, een atletiekbaan, 'n gholfafslaan en verskeie paviljoene wees. Genoegsame parkeerruimte sal ook voorsien word. (Foto: Fotokuns)**

**GOEIE KOS !**
**FLINKE DIENS !**
**u tevredenheid is ons PLESIER !**
**BAILIEPARK PADKAFEE**
**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**



**DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .**



* Alba broeke
* Alba pakke
* Monatic hemde
* Battersby hoede
* Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
**Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411**
**POTCHEFSTROOM**

## Ontmoet . . .

*Almal van ons het seker al 'n verhaal van Elsabé Steenberg in die Sarie Marais of Die Huisgenoot gelees. Ek wonder hoeveel van ons weet dat dié Elsabé Steenberg een van ons eie dosente op die P.U.K. is. Nog minder weet ons dat sy die oudste suster van die skrywer André P. Brink is.*

Elsabé Steenberg het aan die plaaslike Universiteit studeer waar sy ook haar M.A.-graad behaal het met haar tesis: „Die begrip van die woord ‚duister' in die poësie van N. P. van Wyk Louw".

Toe sy ongeveer agt jaar oud was, het sy gereeld tennis teen die muur gespeel, soos sy self sê, „nie omdat ek wou nie, maar omdat ek dan stories uitgedink het". Sy het die stories egter eers op dertienjarige leeftyd begin neerskryf nadat haar pa verplaas was en daar by hul nuwe huis nie 'n muur was — groot genoeg om teen tennis te speel nie. Sy het toe uit pure frustrasie die stories begin neerskryf. Op dertienjarige leeftyd het sy ook 'n roman geskryf wat egter nie gepubliseer is nie. Toe sy veertien was is een van haar verhale die eerste keer in 'n jeugtydskrif gepubliseer. Reeds as vyftienjarige is een van haar „grootmensstories" deur Die Burger aanvaar vir publikasie.

Wat haar skryfwyse betref, volg sy geen vaste patroon nie. Die tema van die verhaal kom ook op verskillende wyses tot haar. Soms word sy getref deur iets wat sy in 'n boek gelees het, ander kere weer deur iets wat sy gesien of ervaar het en minder dikwels beredeneer sy die tema rasioneel. Die karakter of gebeurtenis wat sy as tema gebruik, neem sy nie net so en bou die verhaal daaromheen nie; sy verwerk en plooi dit.

Wanneer sy 'n tema in gedagte het, stel sy 'n memorandum op. Die opstel van die memorandum is die grootste werk, want daarna tik sy net die verhaal na aanleiding daarvan. Sy hou haar gewoonlik streng by die memorandum maar soms gebeur dit dat die karakter of die gebeure die oorhand kry en dan laat sy dit maar begaan.

**Ten spyte van haar twee woelwaters en ander huishoudelike bedrywighede, het sy tussen 1966 en 1969 vyf romans geskryf. Almal is oor jeugdiges, behalwe Die Moerasloper. Laasgenoemde, oor 'n ongehude moeder, is vir volwassenes. Die tegniek wat sy vir hierdie roman gebruik is heel interessant: sy laat die hoofkarakter die gebeure in retrospeksie belewe.**

Sy skryf oor die algemeen nie liefdesverhale nie, maar eerder verhale met 'n interessante en ongewone tema. Sy is al deur 'n belangrike tydskrif genader om 'n vervolgverhaal te skryf maar sy het nie veel sin daaraan nie, want, „die gemiddelde mens verwag 'n kortverhaal wat min of meer volgens 'n resep geskryf is — soveel liefde, soveel spanning en soveel opwinding". Sy is 'n bietjie „wars aan konvensie" en hou meer daarvan om 'n verhaal op haar eie en besondere manier te skryf.

Wanneer die roman se tema dit verg, doen sy intensief navorsing. Vir die roman, Dat ek mag sien, oor 'n blinde het sy byvoorbeeld in aanraking gekom met die Skool vir Blindes op Worcester en met die Nasionale Raad vir Blindes.

Sy voel dat 'n mens nie 'n sekere vooropgestelde resep slaafs moet navolg nie, maar die strukturele bouvorm van die kortverhaal moet wel in ag geneem word. Sy gaan egter van die standpunt uit dat kuns nie iets is wat in 'n vorm gedruk kan word nie.

Talle sketse, hoorspele en stories vir die Siembamba-program is ook al van Elsabé Steenberg oor die radio uitgesaai. Sy is fyn ingestel op die wêreld van klank. In haar boeke vind 'n mens dan ook weinig beskrywings. Die belangrikste by haar is die dialoog, wat die karakters doen en veral dit wat hulle van binne uit is.

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

Hallo daar! Dore, drake, oudames en ouhere (sal ek die ou veterane ooit vergeet?) skuif maar almal nader. Hier aan die duskant van die onderdeur vorm ons, soos die hippies van ouds, almal èen groot geheel. Die liefde praat mos maar een taal of wat raak ek nou weer kwyt?

Ja dis goed om weer terug te wees op eie werf ... met so 'n klomp stralende gesigte van gelukkige weersiens rondom jou, kan jy nie help om die lewe hier sommer weer lief te kry nie.

Laat ons maar net om die geheue so 'n bietjie op te flikker, oor de spoor begin. **Koos du Toit** en **Irene Harmse** het inrystatus bereik. Hy het beloof om mooi na haar te kyk in hulle omwentelinge met dese tjor ... sal glo die dakliggie aansit!

Hier en daar het die vakansie lelike dinge bewerkstellig: **Martin Oosthuizen** en **Saartjie Buys** kan getuig hiervan. En so terloops, **Ria Erasmus** sê **Trich Malan** is gelukkig nie die enigste vis in die see nie! Die ander **Malan-broer** byt nog steeds vas aan **Regina Robbertse**.

Nou volg sowaar 'n interessante stukkie — **Henk Coetzee** en **Marie Faul** is, in eenvoudige Afrikaans gestel, verloof. Dit alles, terwyl oubout **Faan** die nuwe talente met die houtoog van 'n kenner uitkyk!

Benewens Henk Coetzee is ook **Kobus du Plessis** in kettings geslaan. **Ansie Beukes**, die heldin in **hierdie geval het met 'n pragtige blink klip daarvan afgekom.** Kort op hulle hakke volg **Rika Venter** en **Jaap Malan**, en so al allitererende voeg **Rudi** en **Rentia** van Alibamafaam hulle ook by die gelukkige groepie diamantsmokkelaars.

**Cornelia Jordaan** ry deesdae perd — **Kobus van der Walt** het oogklappe aan gekry. (Sy sê dis net totdat dit wat nuut is op die oomblik oor 'n maand of so ou nuus is!)

Nou so 'n algemene oorsig — **Louis Kruger** en **Petro Coertsen** was saam by die atletiek. Temidde van al sy bedrywighede vind ons S.R. voorsitter darem nog tyd vir **Hester**. Die immergroen liefde van **Hannetjie Coetzer** en **Kobus Lourens** is inderdaad steeds groen. **Susan Visser** en **Jimmy Manuel** sê die ou vakansietjie het slegs tot die verstewiging van die liefdesbande gelei. **Fanie Loots** en **Lynette Coetzee** glo nou eers aan ou liefde wat hoegenaamd glad nie roes nie.

**Myra Yssel** alias **Heiberg** sê dis glad nie so moeilik om tee te maak as wat sy altyd gedink het nie. **Gawie** sê sy het darem nog nie weer Mercurochrome aan die verbrande vleis gesmeer nie ...

Haai nou ja, nou wag ons maar in spanning om te sien watter oudames se hande in die as geslaan gaan word deur die groentjies. Pas maar die manne op in hierdie krisistydperk. Aan die anderkant — dis nie aldag dat die Kaap Hollands is nie. Ek hoop en vertrou dus dat die ouhere nie op hulle gaan laat wag met die flikkers nie ... Dis tog per slot van rekening waarom dit gaan hierdie goue tyd van die jaar.

Sterkte in die stryd tot volgende keer.

DIE BULT-HAARKAPPERS
MANS EN DAMES
*Eienaar: G. Schoonhoven*
Tomstraat 86b - Tel. 5136
Na ure: 6056

## AANGESTEL



Mnr. Z. B. Coetzee, 'n oud-student van die P.U., is by die Dept. van Ontwikkeling aangestel. Mnr. Coetzee sal hoofsaaklik skakelwerk in die plattelandse gebied doen.

## Fanie van Zijl terug op Puk

Nadat daar aan die einde van verlede jaar sprake was dat Fanie van Zijl sou terugkeer na Suid-Transvaal is dit goeie nuus vir die Pukke en ook vir Wes-Transvaal dat Fanie van Zijl terug is. Hy het 'n pos by die Universiteit aanvaar in die administratiewe afdeling en is alweer hard besig om op Puk se bane te oefen.

Fanie, wat homself oor elke afstand vanaf 800 tot 10,000 meter deeglik kan laat geld, het die Pukke se harte warm laat klop toe hy op die Dalrymple met Dicky Broberg afgereken het. Dit het groot opspraak verwek toe hy onlangs met Deon Dekkers oor die 5,000 meter in Kaapstad afgereken het in die goeie tyd van 14 min. 1.6 sek. 'n Sterk wind het verhinder dat beter tye aangeteken word.



## Prof. Ryke na Tsjeggo-Slowakye

Prof. P. A. J. Ryke, direkteur vir die Instituut vir Dierkundige Navorsing aan die P.U. en bekende dierkundige, het 'n uitnodiging ontvang om die Internasionale Akarologiese Kongres in Praag, Tsjeggo-Slowakye, by te woon.

Prof. Ryke is gevra om as voorsitter op te tree by die bespreking van tegnieke. Die kongres word in Augustus 1970 gehou.

Tydens sy verblyf sal prof. Ryke die gas van die Tsjeggiese Akademie vir Wetenskap wees.

Ons kan weer, soos in die verlede, baie van Fanie hierdie jaar verwag. Ons hoop dat hy as aansporing sal dien vir nuwe atlete.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

Dit moes gebeur. Boet en sus het toe opgedaag. Lang slap motors met boet agter die wiel of sus agterin.

Boet dra 'n donkerbril en 'n nuwe baadjie hang nonchalant oor sy skouer. (Clint Eastwood of iemand doen dit so, het hy in die fliek gesien).

Sus dra ook 'n donkerbril. Sy verbeel haar sy is Racquel Welch, of as sy oor 'n honderd en dertig weeg, Liz Taylor. Ure geoefen aan die glimlag en toe is die ouhere nog nie hier nie.

Dis pateties, die selfvertroue! Maar dit het merkbaar gekwyn toe motor om die draai verdwyn en ma 'n traan uit die oog pik met haar fyn sakdoekie.

Helaas, toe die seniors kom het boet en sus se hovaardige selfvertroue verbasend genoeg plek gemaak vir 'n meer gepaste gedienstigheid en 'n ongekende bedrewenheid met bagasie. Wie sou kon dink nê?

Maar op die uitkenningsparades kry sus kans om haar geoefende glimlaggies te probeer op al wat aleenlopende ouheer is, in die (tevergeefs?) hoop dat hy regte of aptekerswese swot. Pateties. En boet herwin sy selfvertroue in so 'n mate dat hy nie eers meer baie bang is vir 'n oudame nie.

Boet en sus koester (sic!) 'n groot bewondering jeens 'n lid van die Studenteraad. Hy is mos 'n ou wat status het. Ergste van als is: sy handtekening is tien punte werd. Die sielige skepsels.

Boet en sus is veral geïmponeer deur die toesprake gemaak deur die eerbiedwaardige lede van die Studenteraad. Nooit gedink 'n ou kan in slegs drie tot vier jaar se tyd so 'n klomp cliches en groot woorde optel nie. Dit, boet en sus gebeur maar so met die bywoning van daardie deel van die sestig persent van die klasse wat jy wel bywoon.

Amper so 'n ongelukkige gebeurtenis as wat die verskyning van boet en sus in die honderd en een jaar van die Puk se bestaan is, is die opwagting wat die tweedejaars gemaak het so teen die einde van verlede week. Veral die tweedejaar Aptekertjies wat hulleself nou vierdejaars noem. Shame.

Terwyl my harlekynelag oor die campus dawer wens ek almal en veral vir die eerbiedwaardige lede van die Studenteraad 'n voorspoedige jaar toe.

G. C. LOOCK
KLEREMAKER
KERKSTRAAT

VAKATURE
DAAR BESTAAN 'N VAKATURE AS
SPOTPRENTTEKENAAR
IN DIE REDAKSIE VAN DIE WAPAD
BELANGSTELLENDES KAN IN VERBINDING
TREE MET
DIE HOOFREDAKTEUR,
P/A DIE WAPAD

Ná jou studies . . .

Verseker jou toekoms met 'n loopbaan by SANLAM

Wees deel van die moderne denke, dinamiese groei, aktiewe bestuursontwikkeling van SANLAM

AKTUARIS
WISKUNDIGE
REKENINGKUNDIGE
STATISTIKUS
MARKNAVORSER
BELEGGINGSADVISEUR
PROGRAMMEERDER
OPERASIONELE NAVORSER
VERTEENWOORDIGER
PERSONEELBEAMPTE

Gulde geleentheid vir verdere studie — universiteitsbeurse, rentevrye studielenings. Medes dingende salarisse. Byvoordele sluit in aantreklike jaarlikse bonus, wye reeks personeelvoordele en -geriewe
DIE PERSONEELBESTUURDER, SANLAM, STRANDWEG 2, BELLVILLE, K.P.

SANLAM

VZ&R — K555/834

# PUIK NUWE KRIEKETTALENT

**DRIE BAIE belowende jong krieketspelers het dié jaar by die Puk geregistreer.**

André Laas, veelsydige krieketspeler wat reeds vir Wes-Transvaal diens gedoen het, het ingeskryf vir nagraadse studie, terwyl Nico Breedt wat onlangs nog die beurt vir die Transvaalse plattelandse elftal geopen het, ook hier ingeskryf het.

Michael van der Riet wat reeds vir Griekwaland-Wes se senior elftal gespeel het en daarmee groot opspraak verwek het, is ook vir die S.A. skole elftal gekies en is ook tans student.

Mnr. Richard Longridge, die Puk se professionele afrigter, sien geweldige potensiaal in die drie spelers en reken dat hulle binne 'n paar jaar nog groot krieket sal speel.



Die eerstejaarsatletiekbyeenkoms het getoon dat die atletiekkrag van die PUK aansienlik versterk is. Hier is 'n paar van die uitblinkers op verlede Saterdag se byeenkoms. Van links na regs is agter: Hybrie de Lange, Ruanda Jacobs, Hansie Booysens, Hilta Liebenberg, Danie Holtzhaüser Voor: Francois Schutte, Joe Bellingham, Andries Krogman. (Foto: Fotokuns).



Die nuwe dameskoshuis, Heide, het uitgeblink op die Eerstejaarsatletiekbyeenkoms wat verlede Saterdag gehou is. Hier ontvang 'n atleet namens haar span die beker van prof. W. N. Coetzee. Voorsitter van die P.U.-atletiekklub. Heide het die damesafdeling gewen.

(Foto: Fotokuns).

EERSTEJAARSATLETIEKBYEENKOMS:

# BELLINGHAM, BOOYSEN EN KROGMAN SKITTER

**OVER DE VOOR EN HEIDE het hierdie jaar daarin geslaag om die eerstejaarsatletiekbyeenkoms maklik te buit. Die byeenkoms het getuig van 'n baie goeie gees onder die eerstejaars en daar kan hierdie jaar nog baie van hulle verwag word.**

Die atletiek was gekenmerk deur die deelname van verskeie nuwe bekende atlete, waaronder Hansie Booysen, Andries Krogman, Joe Bellingham, Francois Schutte, Ruanda Jacobsz en D. Holtzhausen.

Hansie Booysen van Over de Voor is die jonger broer van Dawid Booysen oud-Puk en is vinnig besig om in sy broer se voetspore te volg. Nie alleen het hy die gewigstoot gewen nie, maar ook voor gehardloop in die 100 meter, en die goeie tyd van 11.1 sekonde behaal.

Ruanda Jacobsz van dorp het by ons geen bekendstelling nodig nie, en met 'n tyd van 12 sek. oor die honderd meter het sy ook 'n nuwe rekord daargestel.

Andries Krogman, die houer van die S.A. juniorrekord en die huidige S.A.-juniorkampioen oor 3000 meter het op die eerstejaarsbyeenkoms 8 min. 33.6 sekondes aangeteken. Indien hy goeie teenstand gehad het kon sy tyd heelwat beter gewees het.

Joe Bellingham van Kompleks het reeds die S.A. landloopspan in Rhodesië verteenwoordig en is die S.A. 1 uur rekordhouer.

Nog 'n rekord wat opgestel is, is die 1500 meter stap wat deur D. Holtzhausen gebuit is in die tyd van 7 min.

Die standaard van die atletiek was hoog en die aanduidings is dat die Puk hierdie jaar weer besonder goed kan vaar. Indien ons 'n voltydse afrigter kan kry sal dit die Pukatletiek 'n stoot gee wat ons dié Universiteit kan maak wat atletiek betref.

GISELA MAIWALD FOTOGRAFIE

vir

PORTRETSTUDIES

en

ALLE FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou

Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

# Dramadepartement vol planne

Die dramastudente gaan die uitvoering van Die Fledermaus deur die Salzburg marionette die 25ste Februarie in Klerksdorp bywoon.

Dit sal die eerste van die reeks opvoerings wees wat hulle as deel van die kurses bywoon.

Die getalle het so uitgebrei dat al die teoretiese klasse in die Frans du Toit-gebou plaasvind. Die praktiese klasse sal nog in die Dramagebou gegee word.

Dit lyk asof daar baie interessante dinge verwag kan word van die Dramadepartement dié jaar. Volgens prof. Botha word 'n besprekingsteater beoog. 'n Vollengte stuk sal in die kleinteater in die Dramagebou opgevoer word. Na die opvoering bespreek die gehoor die stuk met die regisseur en die spelers.

Vir die tweede semester word 'n opvoering in die Totiussaal beplan. Die stuk is Jakkalsstreke van Scapino en Elize Scheepers sal die regie waarneem.





Al's is beter met groot, groot Coke

Coca-Cola
HANDELSMERK GEREG.

BESPAAR! MET GROOT KING SIZE!

Gebottel onder magtiging van The Coca-Cola Company deur:

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS

Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag

Kollektante in koshuise

U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom, Tel. 3245.*